ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Junie 2025 (100)

## JEUGDAG 16 JUNIE

Op hierdie stadium van ons lewe, is ons jeug ons kleinkinders… en agterkleinkinders as ons gelukkig is. Dit help nie om in 'n deftige kliniese aftreehuis te bly waar jou kleinkinders onwelkom voel nie. Jy het dalk baie min tyd met hulle oor.
Rig jou huis só in dat jou kleinkinders tuis en gelukkig sal voel. Indien jy waardevolle meubels en ornamente in die sitkamer het, rig vir hulle 'n ander speelplek in waar hulle ongestoord kan speel: 'n tweede slaapkamer, stoep of deel van die motorhuis.
Wat maak dit saak dat jy weer die huis "in orde" moet kry wanneer hulle weg is-wat maak dit saak dat jy weer die vloer moet mop al is dit nie normale skoonmaakdag nie-wat maak dit saak dat jy die volgende dag heeldag moet rus net om weer jou kragte te herwin?

## FATHERSDAY 15 JUNE

A husband is that "special guy" that you yourself picked out… as being nice to be around and nice to think about….. the one you wanted most of all to share your hopes and schemes…. the one you're glad to waited for …. the answer to your dreams… the one who had that special way of being dear and sweet… the one who made your life worthwhile, your happiness complete….
A husband may not speak of love as often as he should… because he feels the love you share is clearly understood…. and yet, he lets you know he cares in countless little ways …. and it's his smile you count upon to brighten cloudy days … so, all in all, a husband is a pretty special guy… and, naturally, you love him more as every day goes by…. and even when you do not say the things you feel about him…. or tell him just how meaningless your life would be without him… you think somehow he understands…you're proud to be his wife….and that his love will always be…your greatest joy in life.

(Lucille Boesken)

## CARE PLANNING page 1

Who will care for me when I get older? Will I opt for a local home carer, or a care home? (Medical or non-medical? Full-time or part-time) Will I have sufficient funds for care, or will my children have to assist me financially? Do I have a support system or am I a solo ager (no family or children). Informal home care can be stressful for family members, and a formal care home can be a financial challenge. Whatever your circumstances, you have to do care planning in advance.

**What does care really means?**

1.Physical care: When we need help with everyday activities , like bathing, cooking, dressing, and using the bathroom, we need someone to assist us and to ensure our basic needs are met.

2.Mental health care:
This kind of care is about feeling connected, finding peace, and staying mentally sharp and emotionally balanced. It also means getting support for conditions like dementia or depression.

3.Financial care: Before you reach the stage of using your finances for care, you have to do financial planning for future care, to ensure you have the resources for things like medical expenses and day-to-day living. Part of your planning will also be to appoint someone to manage your finances when you are unable to do it yourself.

4.Spiritual care: Spirituality often becomes more significant as we grow older, because it provides comfort, purpose, and a sense of connection.

**Key trends that are shaping the future of caregiving.**

1.Evolving family structures:
Traditional support systems are being challenged, because younger family members are often drawn to opportunities far from home, and cannot be the primary caregivers any more.

2.Sosio-economic factors:
High unemployment rates and economic instability can limit the ability and availability of families to provide quality informal care, increasing the reliance on formal care systems.

## CARE PLANNING page 2

3.Solo agers:
Individuals without close family ties or children, face unique challenges in arranging for future care, and they need to explore alternative options for care, such as community resources, professional caregivers, and a support network.

The support network may include:
-extended family members who can provide essential support, though their availability may vary depending on geographical location and personal circumstances.
-friends and neighbours: Social connections often play a significant role in providing support: they can offer companionship, assistance with daily tasks like shopping and emotional support.
-Community members: Faith-based and community organisations can provide valuable resources and support networks, including volunteer services and social activities. Many communities offer services such as meal delivery, transportation assistance and home care support.

4. Formal organisations:
Professional care providers and formal care institutions can offer specialized services, such as in-home care, assisted living and nursing home care.

**How to prepare for future care needs**:
1.Invest in care planning: Just as financial planning for retirement is essential, so is care planning
2.Expand your support network, have open conversations about your care preferences, and care for future needs.
3.Care planning should include discussions about the types of care you wish to receive and who will be responsible for making decisions on your behalf. This comes into play in situations of sudden and debilitating emergency, when those within your care circle should have the information and capability to make decisions on your behalf.
4.Creating a living will or advance directive is a crucial step in this process. A living will outline your preference for medical care and end-of-live decisions, ensuring that your wishes are known and can guide your caregivers.

(Femada Shaman: CEO of TAFTA (The association for the Aged)

## WENKE AAN VERSORGERS: ALZHEIMER/DEMENSIE

1.Hou alles eenvoudig. Moenie van 'n bekende roetine afwyk nie. Help haar om in haar omgewing georiënteerd te bly. Herinner haar met notas teen die yskas om te eet. Plak die name van vertrekke op deure-veral by die badkamer – en laat leidrade vir die verrig van alledaagse take, soos om haar tandeborsel op die wasbak se rand te laat.
2. Verdeel take in hanteerbare stappe, en laat haar toe om soveel moontlik self te doen. Help haar om so lank moontlik in beheer van haar lewe te bly.
3.Maak seker die huis is veilig. Verwyder gevare soos los matjies; beveilig elektriese en gastoestelle deur outomatiese skakelaars aan te bring; stel warm water kouer om te keer dat sy brand.
4.Maak seker jy het haar aandag voor jy begin praat. Maak oogkontak en praat duidelik en stadig. Hou gesprekke eenvoudig met vrae waarop sy slegs ja of nee hoef te antwoord, indien moontlik. Herhaal inligting en moenie net praat nie-wys haar wat om te doen.
5.Let op jou lyftaal: glimlag terwyl jy praat, en raak aan haar, hou haar hand vas. Hou die uitdrukking op haar gesig dop en reageer op haar gemoedstemming.
6.Stel alle besoekers aan haar voor: sệ hulle name en verduidelik wie hulle is, al dink jy dat sy hulle ken. Probeer die Alzheimer-lyer by die geselskap betrek-dit maak seer as mense jou ignoreer omdat jy moeilik kommunikeer.
7. Help die mens om aktief te bly en met familie en vriende kontak te hou deur sosiale aktiwiteite te beplan waaraan sy kan deelneem, soos na musiek luister of uitstappies.
8.Flikflooi en praat mooi. Moet nooit geweld gebruik nie.

(Leef gesond: Dr David Peters)

Onthou dat die persoon nie moedswillig probeer om moeilik te wees nie, daarom moet die versorger geduldig wees.
-Luister en identifiseer haar vrese en stel haar gerus dat jy daar is om haar te help en besorgd is oor haar.
-Vermy geraas
-Hou geliefde voorwerpe soos foto's sigbaar in alle vertrekke
-Roetine is baie belangrik- bad, aantrek en etenstye moet sover moontlik elke dag op dieselfde tyd gedoen word.
-Wanneer dit lyk of die persoon angstig/gestres is, vind uit wat die oorsaak is en vind 'n manier om dit te hanteer. (RiaH)

**Bosvlier**

**Johan Meaker 39**



**Spekboom**

**Johan Alberts 61**



**JD – Lady of the night 233**



**Neil se troeteldier**



**Chris Volschenk het sy 94e verjaardag gevier , saam met sy vroutjie Suzie , en vriende die 1ste Mei 2025**

*Volk straat 174*



# Eldoraigne

Retirement Estate



# RENTALS & SALES

## Properties FOR SALE

Ruan Erasmus
**071 481 6199**

- 2 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport - **R1250 000**
- 3 Bed, 2 Bath **Simplex** with x2 garage - **R2490 000**

## Properties FOR RENT

Stella Cloete
**072 459 2230**

- 1 Bed, 1 Bath **Apartments** from only **R8 200pm**
- 2 Bed, 1 Bath **Apartments** from only **R9 300pm**

stay WARM
*this winter*

CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions

011 805 6316    www.csi-euf.co.za

## PROUD OF MY WORK 3: BGM Trading

Lood and Lizelle Bothma are the proud owners of BGM Trading, a construction company, registered at the NHBRC, capable of doing all your alterations and restorations. A plumber, electrician, builder, painter, paver, carpenter -a one-stop shop!

Reeds sedert die Landgoed se beginjare is hulle hier bedrywig veral met plaveiwerk, en het al menige inwoner se gras vervang met plaveisel. Hulle doen ook bou- en pleisterwerk, lệ teels en doen "drywalling", verf eenhede uit, installeer mooi kroonlyste, vervang/herstel houtdeure, installeer veiligheidshekke, loodgieterswerk, elektriese werk, installering van noodwatertenks, uitsuigwaaiers in die kombuis en badkamer, sit kaste in en doen alle algehele herstel-en instandhoudingswerk. Hulle vervang ook dakkappe wanneer daar termietskade is en maak stoepe of patios toe. Menige inwoners het al getuig van die uitstekende diens wat hulle lewer.

Lood en Lizelle roem hulle daarop dat hulle eerlike opregte mense is, wat hulle reputasie en kwaliteit van werk hoog ag.
Kontak Lood by 082 301 0622





HUIS SKOONMAAKDIENSTE
1.Skitterblink skoonmakers.
Kontak Ansie Vlok by
082 925 3250

2.PROCARE kontak Johan by
083 780 0024

KOMMISSARIS VAN EDE
Kontak ATTIE DU PLOOY by
KWIKKIESTRAAT 190 of
0837628895 vir gratis diens

Ook behulpsaam met ander regsake, soos testament en boedelbeplanning teen betaling.

SKệRE SLYP
Joseph Knife Sharpener lives near Shoprite, at 165 Springbok Street. Contact him at 082 821 6296
He also services sewing machines

1. CLUBVIEW Appliance repairs
1024 Shirley street Eldoraigne
071 603 7632
2.APPLIANCE REPAIRS
Fridges and washing machines.
Chief 072 479 6915

3.Oberjax Yskas 0738434222

TV REPAIRS
1.CRAZY TV EXPERTS
CALL HEIN Schröder at
082 097 2912

2. TV DOCTOR
012 664 5223

PAKKIE AFLEWERING
Besoek Pep Stores (oorkant Shoprite) vir flinke diens

DUPLIKAAT SLEUTELS
Valhalla General Dealers
012 651 3255 Brian Jaffe
12 Angvick Road Valhalla

CARE
PALLIATIVE AND CARE CENTRE
(OLD CENTURION HOSPICE)
Cnr North and Clifton street,
Lyttelton Manor, Centurion

MEDWELL SA 012 347 8344 the Home Health Care Specialists

ELSIE BESKUIT Clubview
083 298 6001
Beskuit Hilda Harvie
0824218346

Watersuiweraars
Andre 073 922 0005
Aqua Schalk 083 263 1887

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. (Des 2024) Doen ook navraag by die kantoor oor enige onduidelikhede wat u het.

1004 Dirkie Louw
1007 Elsie de Beer
1009 Jan Venter
1110 Jan Henning
1318 Annatjie Venter
1328 Ria Myburgh en
Corinne Burger

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

99 Wilma vd Berg 25/4
1210 Graham Gainsford 27/4
175 Annemarie Booysen 7/5
1335 Chrissie Wilbers 8/5

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.
Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## KERMIS 2025

Skryf hierdie heerlike sosiale saamkuier in jou dagboek by Saterdag 30 Augustus 2025 wanneer die clivias op hulle mooiste vertoon.

Plantliefhebbers kan solank steggies inlệ (voor die koue maande); vlytige hande kan weer begin om hulle kunswerke gereed te kry…..

Navrae: Johan du Preez 3192

## VERJAARDAG 2025

Die landgoed is 10 jaar oud op 1 November 2025.

'n Daglange feesviering propvol interessanthede vir inwoners en eienaars word beplan vir vroeg November, moontlik die 8e.
Wees op die uitkyk vir verdere inligting in volgende nuusbriewe

Navrae: Johan du Preez

## SENIOR KASKENADES 2:
## Mamma se Kyk en die wynglas se riffel-suis

Nou sit ek hier op die stoep, hier op die Kieriekampus, hier so teen sononder. En ek toets 'n nuwe geskenk uit wat een van die kinders vir my gegee het. Wynglase, sonder 'n steel, en met sulke diep riwwe aan die binnekant van die glas. As jy nou 'n skeutjie wyn in die glas gooi, en die glas dan teen-kloksgewys sou tol, dan help dit klaarblyklik dat tot 30% minder alkohol in jou bloedstroom land. En tot 30% minder alkohol aan jou buiteband gaan loop vaskleef. En, wag, daar's nog, 'n man kan al die geure wat daai slim sommeliermense oor skryf en liries raak, jy kan dit alles ruik en proe!

Hond se doylie, dink ek, daais kwaai!

Nou skink ek in die geriffelde glas 'n bietjie wyn, en in die gewone glas ook, en ek begin swaai en sien en snuif en suie en smaak. So om die beurt uit die twee glase. Maar as ek vir Riffels swaai, dan kom daar so 'n growwe rasperklank uit die glas. En as ek vir gewone glas swaai, en ek hou dit teen my oor, dan hoor ek net so ligte gesuis, soos as jy so bietjie ver van die strand af is.

Maak nogal 'n verskil, sou ek wat maar nog 'n leerlingwyndrinker is, sệ. Net jammer van die 30% minder bloed in die alkoholstroom, 'n mens vat mos maar somtyds so ietsie om nou juis 'n gedaanteverwisselingtjie te ondergaan, of nie, nệ?

En met dié dat ek nou só sit en tob oor dié Italiaanse glas, met dié kom Mamma van haar 6km aandstappie af terug.En ek beduie vir haar hierdie goete. En ek sệ ek dink dis die manier om vorentoe te gaan, en die glase is nie só duur nie, net so R100 een…maar ek kan sien, regdeur die poorte van haar siel, daai lieflike groen-blou oë van haar, tot in haar somme-brein in, kan ek sien soos sy luister, hoe hardloop die syfers! En skielik verander daai oë, en dit voer my jare terug….

Sy het sulke wrede waarskuwings van tyd tot tyd, of sal ek sệ kort-kort, aan my gerig gedurende ons vroeëre hemelse huweliksjare wanneer sy dit goed gedink het om my tot orde te roep.

(vervolg op bl 2)

SENIOR KASKENADES 2: Mamma se Kyk……. bl 2

Maar dit is later vervang deur 'n koue kyk. Nou nie 'n gewone koue kyk nie! 'n Kyk uit staalgrys-ysblou oë wat my summier in my spore gestop het, en wat my onmiddellik van alle vreemde voornemens laat afsien het, wat my soos die digter se osse "geduldig, gedienstig, gedwee gelaat het.
Ek dink die stafsersant in die Leërgimnasium destyds, wat nie geskroom het om met lewendige ammunisie om jou los te brand nie, of wat jou met die vuis op die krop van jou maag slaan omdat hy 'n stoffie iewers in jou kamer gekry het (ek is tot vandag toe oortuig dat hy altyd 'n grondjie in sy sak gehou het) –dit het die vrees vir daai kyk in my gevestig. Dis die kyk van die morsdood, dooie dood!

Mamma se kyk is ook soos daai kyk van die dood, maar net erger, een wat jou verby die Groot Troon en die Boek van die Lewe en die Oordeel kyk tot binne in die dieptes van die ewige verderf in. Selfs Satan staan gereed om jou erger te folter net omdat hy ook Mamma se kyk ken.
My dogters sệ tot vandag toe nog, wanneer ek per ongeluk en sonder enige bybedoelings nou net so terloops 'n ou foutjie sou begaan. "Ma gee vir Pa die Kyk!" Dis dan wanneer alle ongerymdhede dadelik stop. Sommer die hele huishouding s'n. Selfs die hond sluip druipstert weg. Gelukkig het ek en die hond 'n veilige plekkie in die motorhuis waar ons maar gaan sit en wag dat die rillings van die Kyk afneem. Die geheime laaitjie in die een kas bevat darem 'n ou noodvoorraadjie wyn om die gevolge van die angsaanvalle te beveg (moenie laat Mamma uitvind van die laaitjie nie)
Maar soos die liedjie gaan: "Ek is baie lief vir Mammie, elke keer as ek haar kwaadmaak, wil sy kwaad bly, maar sy kannie…"
Nou, soos wat ek nou eensaam en alleen hier op die stoep sit, in onverwagte onheilse rus en vrede en alleenheid, en soos wat ek nou aan my ou Pinotagetjie suie, so sit ek en wonder of daar nog manne is wat blootgestel word aan sulke kyke?
Daar moet tog wees?
Ek dink tog die ou heks is darem nog so bietjie lief vir my. Vanoggend het sy my toegelaat om vir haar koffie in die bed te bring en sy het maandelikse wynaankope ge-okay…
Vat so, keel!
(Johan Kruger 178)